

HOOFSTUK 6
SINTESE, TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE EN
AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Die bevindinge en gevolgtrekkings waartoe die navorser in hierdie studie gekom het, erken die werking van die bepaalde konteks waarin die studie onderneem was. Alhoewel die uitkoms van die studie toepassingswaarde kan hê in soortgelyke kontekste en ook betekenis het vir die leerondersteuning van kinders met leergestremdheid, was die doel nie om veralgemenings te maak nie.

6.2 OPSOMMING VAN DIE STUDIE

Die doel van die navorsing was om tot 'n uitgebreide, verdiepte begryping te kom van die aard van die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid.

In **hoofstuk een** is die struktuur vir die teoretiese raamwerk en die navorsingsprogram gestel. Die soeke na antwoorde om optimaal leerondersteuning te kan bied aan leerders met leergestremdheid in die sekondêre skoolfase, het by die navorser die moontlikheid gewek dat hul besondere leerbehoefte nie noodwendig slegs met ontoereikende taalvaardighede verband hou nie, maar dat anderse of gebrekkige

organisasie-vaardighede op sigself ook as 'n leerbehoefte 'n invloed het op hul leerhandelinge.

'n Kwalitatiewe benadering is gevolg om op geïntegreerde, holistiese wyse binne bepaalde kontekste te probeer verstaan wat die aard en invloed van die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid op hul leerhandelinge is. Die studie binne hierdie kwalitatiewe benadering as epistemologie, is geanker in die konstruktivistiese en sosiaal konstruktivistiese paradigmas. Die navorsingsproses het vanuit 'n etnografiese perspektief die aksienavorsingsontwerp betrek en 'n verskeidenheid data is in die studie gebruik om vanuit 'n ryk data-basis verifiërende analises te kon maak.

In **hoofstuk twee** is die teoretiese vertrekpunt van die studie gekonstrueer. Die sterktes van die sisteem- en die ekologiese sisteemteorieë is gekombineer om tot beter begrip te kom van die aard van leerders met leergestremdheid se organisasie-vaardighede en die taak-verwante uitdagings wat hierdie vaardighede aan die onderskeie sisteme waarin die leerders hulself bevind, stel. Insigte vanuit die kognitiewe- en neuropsigologiese kennisreine is ook benut.

Vanuit die sisteemteorieë is insigte verkry ten aansien van die rol van ekstrinsieke faktore (wat in 'n sosiale sisteem gelokaliseer is) in die aard en manifestasie van leerbehoefte. Die literatuur het inderdaad ook getoon dat, indien die sisteem nalaat om leerders met leergestremdheid se leerbehoefte ten aansien van organisasie aan te spreek, leerversperrings ontstaan en/of verhoog.

Vanuit die ekologiese sisteemteorieë is bepaald kennis en insig verkry ten aansien van die versterking van die leerders met leergestremdheid se ondersteuningsisteme om hul rakende hul leerbehoefte te ondersteun en potensieel leerversperrende behoeftes aan te spreek. Uit die kognitiewe kennisreine is kennis en die kognitiewe prosesse betrokke by leer verken in 'n poging om die leervoltrekking van leerders met leergestremdheid te begryp.

Die kognitiewe- en leerteorieë is verken om 'n teoretiese raam daar te stel, vanwaar die navorser begrip kon begin konstrueer ten aansien van die aard van die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid. Die kognitiewe gebeure van inligtingsprosessering asook organisasie as vaardigheid binne die perspektief van kognitiewe ontwikkeling is verken. Uit die Neuropsigologiese kennissterrein is die biologiese basis van leergestremdheid en die neuro-ontwikkelingsprosesse by leerders met leergestremdheid, verken.

Die konstruktivistiese leerteorie het die studie onderlê en gedien as uitgangspunt vir leerondersteuning ten aansien van leerders met leergestremdheid se organisasie-vaardighede. Die beginsels waarop hierdie leerteorie geskoei is, het ook vir die studie kennisriglyne verskaf.

Die sintese waartoe daar gekom is vanuit die literatuur, is dat verskillende perspektiewe segswaarde het wanneer daar tot begryping gekom moet word van 'n klas wat saamgestel is van leerders met leergestremdheid as kultuur, en meer spesifiek tot begryping van die organisasie-vaardighede van hierdie leerders, aangesien dit duidelik blyk dat beide intrinsieke en ekstrinsieke faktore leergestremdheid as fenomeen onderlê. Die leerders se besondere persoonskenmerke beïnvloed dus optimale interaksie tussen die leerder en sy leeromgewing, wat 'n besondere kultuur van leerondersteuning verg. Bronfenbrenner se bio-ekologiese model vind hierby aansluiting, deurdat die model 'n sterk fokus plaas op die appélmatige kenmerke van die leerders, wat 'n uitdaging aan die leeromgewing kan bied.

Die navorser het haar sterk vereenselwig met die ander komponente van die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner, asook die multi-dimensionele perspektief wat dit op leergestremdheid as konstruk van menslike ontwikkeling, bied. Hierdie model neem alle dimensies in ag wat 'n rol kan speel in ontwikkeling. Hierdie dimensies sluit in die fisiese-, die biologiese-, die psigologiese-, die sosiale- en die kulturele dimensies. Binne hierdie studie as aksienavorsing met 'n etnografiese perspektief het die vier stelle faktore (proses-, persons-, kontekstuele- en tydsfaktore) van

Bronfenbrenner se model toepassingswaarde gehad om kennis te konstrueer vanwaar gepoog kon word om die onderskeie navorsingsvrae te beantwoord.

In **hoofstuk drie** is die empiriese wyse waarop die studie plaasgevind het, uiteengesit. Sentrale aspekte in die hoofstuk is die kwalitatiewe navorsingsbenadering, asook die etnografiese- en aksie navorsingsontwerpe wat in die studie gebruik is. Die navorsingsbeplanning is kortliks uiteengesit met 'n beskrywing van die ontstaan van die gemanipuleerde data-konteks (die privaatskool) wat as data-insamelingsbasis gedien het: Daar is aangetoon hoe die navorser as ortodidaktikus in praktyk gekonfronteer was met die uitdaging om leerondersteuning te bied aan leerders met leergestremtheid in die hoofstroom sekondêre skoolfase, wat ten spyte van intervensies en leerondersteuning vanuit verskillende dissiplines tot op datum oor hulle skoolloopbaan heen, nie aan die vereiste standaarde voldoen het om hul graad te slaag nie. Daar is dus besef dat, totdat die beleid van inklusiewe onderwys op skoolvlak effektief ingefaseer is, die alternatief van eklusering ernstige oorweging verdien met betrekking tot leerders met leergestremtheid, wat nie aan die slaagvereistes per graadvlak in die hoofstroom skole voldoen nie. Die privaatskool van die navorser het om bogenoemde rede tot stand gekom en het as gemanipuleerde data-konteks vir die studie gedien.

Daar is van 'n verskeidenheid data-tipes gebruik gemaak om 'n ryk databasis te probeer skep waardeur verifieerbare insigte gekonstrueer kon word. Die navorsingstudie het uit twee fases bestaan: Die eerste fase was 'n analise van data wat vanuit assesserings-inligting verkry is van leerders wat toelating tot die privaatskool verkry het. Die analise van die assesserings-inligting van vier leerders het ex post facto plaasgevind. Die assesserings-inligting was 'n samevatting van al die inligting wat tydens 'n ortodidaktiese assessering verkry was (inligting verkry vanuit gesprekvoering met die ouers/ouer, formele toetsing en verslae van vroeëre terapeutiese assesserings en intervensies). Deur hierdie analise

wou die navorser probeer bepaal watter leerbehoefte rakende die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid, wat nie die mas kon opkom in die hoofstroom klaskamer nie, eintlik gemanifesteer het tydens hul assessering vir toelating tot die skool, ofskoon dit nie as sodanig geïdentifiseer was nie. Langs die weg van 'n induktiewe analise is gekom tot drie velde van leerbehoefte, wat vervolgens die basis van die tweede fase van die studie gevorm het.

Die tweede fase van die navorsing het vertrek vanuit aksienavorsing as ontwerp binne 'n etnografiese bekyking van die organisasie-vaardighede van die leerders in hul bepaalde leeromgewing. Die aksie-navorsing in hierdie studie was benut om by wyse van die ondersteunings-praktyk wat nodig is om die opgaaf wat die organisasie-vaardighede van die leerders in die privaatskool aan die mikrosisteem impliseer, tot begryping te kom van die leerbehoefte wat verband hou met die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid. Die benutting van aksie-navorsing as ontwerp het egter verskil van ander studies in dié opsig dat 'n etnografiese perspektief nagestreef is.

Deur 'n etnografiese werkswyse kon die navorser in die analise van resultate die besondere kultuur van die privaatskool en klasse verreken, om sodoende 'n dieper begryping van die leerbehoefte, altyd in besondere konteks en interaksie, te verwerf. Dit het plaasgevind aan die hand van 'n sistematiese deurskouing van die drie velde van leerbehoefte wat uit die eerste fase van die studie geïdentifiseer was.

Die graad 8 leerders is betrek in die tweede fase van die studie, aangesien hulle nuut in die sisteem was, hulle unieke leergedrag per individu onbekend was aan die onderwysers, hulle gekonfronteer was om teen 'n vinniger tempo te funksioneer as dié waaraan hulle in die primêre skoolfase gewoond was en daar gevolglik van hulle verwag was om organisasie-vaardighede effektief te benut.

Die bevindinge se breër segswaarde as slegs binne die besondere konteks, is krities bespreek. Hoofstuk 3 is afgesluit met 'n bespreking met

betrekking tot die geldigheid en vertroubaarheid van die navorsingsresultate wat vanuit die gemanipuleerde konteks verkry is.

In **Hoofstuk 4** is die eerste fase van die navorsing se data en bevindings aangebied. Die manifestasies van leergestremdheid wat as seleksiekriteria vir skooltoelating gedien het, is ter aanvang uiteengesit. Vervolgens is die assesseringsinligting van vier leerders ontleed as 'n soeke na duidings wat die realiteit en aard van die teenwoordigheid van ontoereikende organisasie, as bydraend tot 'n moontlike kognitiewe leerversperring, by almal sou illustreer.

Ontoereikende organisasie as vaardigheid was inderdaad merkbaar in al vier leerders se data, maar was oënskynlik dikwels geïntegreer met ander kognitiewe leerversperrings. Dit wou voorkom of organisasie nie as 'n apart funksionerende kognitiewe vaardigheid binne die leergedrag van leerders met leergestremdheid ondersoek moes word nie, maar wel as deel van 'n verskeidenheid hoër orde kognitiewe vaardighede, wat deel vorm van die leerder se uitvoerende funksies.

Ooreenkomste is gesoek tussen die leerbehoefte wat uit die leerders se toelatingsdata geïdentifiseer is, en met hoër orde kognitiewe vaardighede verband hou. Dié leerbehoefte wat outentiek met organisasie-vaardighede verband hou, en wat by al vier leerders teenwoordig was, is geïdentifiseer. Die volgende drie groeperings is gemaak:

Organisering van ekspressie: Hierdie organisering omsluit organisasie by wyse van en as uitkoms van denke om skriftelik 'n verbale boodskap effektief oor te dra. **Organisering van verbale inligting op reseptiewe vlak:** Hierdie organisering sluit organisering in van inligting wat die leerders lees (visueel) en wat hulle hoor (ouditief). **Organisering van leeromgewing en benutting van beskikbare hulpbronne:** Hierdie organisering dui op vaardighede wat die leerders toon om hul leeromgewing en beskikbare hulpbronne effektief te organiseer.

Dit was duidelik uit die toelatingsdata, dat leerders met leergestremdheid se ontoereikende organisasie-vaardighede wel tot 'n leerversperring bygedra het in hul leerhandelinge, veral aangesien die sisteem nagelaat het om doeltreffende geïntegreerde leerondersteuning te bied.

Daar het vanuit twee verskillende verklaringshoeke beredenering plaasgevind. Die eerste verklarende invalshoek het verband gehou met intrinsieke faktore en die bekyking het dus vanuit die kognitiewe en neuropsigologiese kennisvelde plaasgevind. Die funksie van die prefrontale korteks, betrokke by uitvoerende strategieë, is betrek as verklaring, aangesien dit geassosieer is met hoër orde kognitiewe denke, soos probleemoplossing en self-monitering, dus ook metakognitiewe prosesse of aktiwiteite wat leerders in staat stel om hul eie leer te fasiliteer. Daar is vanuit literatuur bevind dat leerders met leergestremdheid hulle skriftelike ekspressie benader as 'n probleemoplossingsproses en dat gepostuleer word dat organisasie, beplanning, strategieë, vloeiendheid, effektiwiteit en korttermyn (werkende) geheue alles by leer 'n belangrike rol speel.

Die tweede verklarende invalshoek was vanuit die feit dat hierdie leerders se kognitiewe leerversperrings só pertinent vanuit die toelatingsdata geïdentifiseer kon word as verbandhoudend met ekstrinsieke faktore en dat dit dus vanuit 'n ekologiese sisteemperspektief bestudeer moet word. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat al die rolspelers belangrik is wanneer ondersteuningsweë met betrekking tot leerbehoefte gesoek word.

Dit het geblyk dat die leerders se besondere persoonskenmerke optimale interaksie tussen die leerder en sy leeromgewing beïnvloed. Bronfenbrenner se bio-ekologiese model, wat dui onder andere op die appélmatige kenmerke van die leerders wat 'n uitdaging aan die omgewing kan bied, is benut om insigte te verdiep. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die leerbehoefte, as appélmatige kenmerke, wat in hierdie fase van die studie geïdentifiseer was, inderdaad 'n uitdaging stel aan die leeromgewing en ander subsisteme waarin die leerders hulself bevind. Hierdie sisteme kom dus te staan voor die appél om aanpassings te maak om die impak van die leerbehoefte op die leeromgewing, asook op die

leerder se leerhandelinge te verken, om sodoende die leerders te ondersteun tot optimale leervoltrekking.

In **Hoofstuk 5** word die data van die tweede fase van die navorsing geanaliseer en bespreek. Die navorser wou deur middel van dieper gerigte observasies en analise van die leerders se skoolwerk (boeke en toetse) wat gelewer is, tydens aksie-navorsing, vanuit 'n etnografiese perspektief begrip vorm van die aard van die organisasie-vaardighede van die leerders.

Ter oriëntering is gevestigde aanpassings (as leerondersteuningstrategieë) wat by wyse van aksie-navorsing vorm gekry het, beskryf. Die aksie-navorsing was onderneem met slegs een groep leerders (graad 9), maar die uitkoms daarvan is as leerondersteuning in die hele sisteem geïmplementeer. Uiteraard het die uitkoms van hierdie aksie-navorsing in etnografiese opsig ingevoer op die kontekstuele beskrywing van die klas- en leservarings van die graad 8-klas wat deelgeneem het aan die tweede fase van die studie.

Die waarde in hierdie stukkie aksie-navorsing was geleë in die bydrae ten aansien van die interaksie tussen leerders met hul leerbehoefte en die onderskeie komponente van die skool as mikrosisteem. Hierdie mikrosisteem het ingesluit die leeromgewing as skool, klas en les (lesinhoud en mikrotyd) en die betekenisvolle ander (die onderwysers en mede-leerders). Dit was duidelik dat leergestremdheid bydra tot 'n besondere konteks van leerbehoefte en dat 'n sistemiese perspektief kragtig is in die begryping sowel as die aanspreek daarvan. Dit het ook geblyk dat die organisasie-vaardighede van hierdie leerders 'n invloed gehad het op die funksionering van die gehele mikrosisteem.

Daar is bepaald gevind dat die leerders in die tweede fase van die studie, ten spyte van onderskeie terapeutiese insette (spraakterapeuties, arbeidsterapeuties, neurologies en "remediërende" ondersteuning) tydens hulle primêre skoolfase, steeds betekenisvolle leerbehoefte geopenbaar het. Dit was ook duidelik dat probleme in die prosessering van reseptiewe

en ekspressiewe taal by hierdie leerders met meer samehang as slegs ontoereikende taalmatige vaardighede. Die ontoereikende organisasievaardighede wat hulle geopenbaar het, het gemanifesteer in die uitkoms van hul leerhandelinge.

'n Analise van die bevindinge vanuit die data van hoofstuk vyf, word vervolgens onder 6.3 bespreek as 'n sintese ter beantwoording van die navorsingsvrae.

6.3 BEANTWOORDING VAN NAVORSINGSVRAE DEUR MIDDEL VAN 'N SINTESE

Die kernvraag waarop die navorser antwoorde gesoek het, was: Wat is die aard (unieke styl en vorm) van die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid in die sekondêre skoolfase?

Subvrae wat hieruit voortgespruit het, was die volgende:

- Watter leerbehoefte (intrinsiek en ekstrasiek) speel 'n rol by die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid en hoe beïnvloed dit hul ontwikkelingspotensiaal?
- Watter organisasie-vaardighede en/of unieke styl van organisasie word wel by leerders met leergestremdheid bemerk, waarop intervensie effektief gerig sou kon word?
- Watter rol speel ontwikkelingsfaktore soos spesifieke leerdereienskappe en onderwyser insette by die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid?
- Watter intervensie strategieë kan aangewend word om die leerbehoefte met betrekking tot organisasie by leerders met leergestremdheid effektief aan te spreek?

Die doel van die navorsing was dus primêr om tot begryping te kom van die aard van die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid. Daardeur kon gekom word tot dieper begryping van leergestremdheid per

se, verklaring van leergedrag en leeruitkomste, en effektiewe strategieë in leerondersteuning

Daar is tydens die analisering van die data doelbewus weg beweeg van 'n fragmentariese simptoombenadering soos aangetref in die mediese model, na 'n meer geïntegreerde en holistiese ekologiese sisteembenadering. Die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid is dus sistematies binne die konteks van die skool, aan die hand van die leerbehoefte wat in die eerste fase van die studie geïdentifiseer was, beskou met 'n holistiese leerondersteuningsnetwerk ten doel. Die vraag na die aard van die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid kon daarom nie anders ondersoek word as in terme van impak en appél nie, en die antwoorde kon ook nie anders geformuleer word as by wyse van verwysing na leerondersteuning nie.

Die gemanipuleerde data-konteks het baie van die leerbehoefte inderwaarheid gemaskeer of minstens versag as gevolg van die kontekstuele aard van die akkommodasies in die privaatskool, en aksies en strategieë wat reeds geïmplementeer was of soms net spontaan plaasgevind as gevolg van die besondere ondersteunende aard van die dinamiek wat in die privaatskool heers. Dus is die navorsingsvrae nie uitsluitlik objektief te beantwoord nie.

Daar moet bepaald gevra word hoe integraal word dit wat die privaatskool geskep het, geïnternaliseer deur die leerders en vind dit volgehoue neerslag in hul leerhandelinge. Of moet die strategieë wat benut is, geïntegreer word tot die ontwikkeling van 'n milieu wat op voortgesette holistiese wyse as sisteem, leerondersteuning kan bied?

Die ontoereikende organisasie-vaardighede wat die leerders ondervind het, het vry ingrypend gemanifesteer in die uitkoms van hul leerhandelinge. Die diversiteit in die aard van elkeen se wyse van organisering het egter duidelik geblyk in verskillende onderlinge, sowel as by die individuele leerder ten aansien van verskillende take.

Die realiteit van die intrinsieke aard en dus die neurologiese faktor, waar hierdie leerders se uitvoerende funksies wel leemtes toon, het duidelik geblyk. Om die ontstaan van ernstige leerversperrings ten aansien van organisasie-vaardighede te verhoed, vereis die leerondersteuning aan hierdie leerders in hul sekondêre skoolfase, 'n holistiese leerondersteuningsnetwerk. 'n Raamwerk vir leerondersteuning aan hierdie leerders ten aansien van hul ontoereikende organisasie-vaardighede kan slegs gegenereer word vanuit 'n bio-ekologiese sisteembenadering, aangesien die ontwikkelingsfaktor by die leerder ook verreken moet word. Die intensiteit sowel as die wye terrein van leerondersteuning wat hierdie leerders nodig moet nie onderskat word nie. Die verantwoordelikheid om die besondere insigte te verkry, berus totaal op die spesifieke sisteem waarin die leerders met leergestremdheid hulself bevind, waarvan die skool 'n subsisteem is. Medewerking en die deel van inligting tussen die subsisteme is daarom ook essensieel.

Daar is vanuit die studie in lyn met Bronfenbrenner se model, bevind dat vir strategieë ten aansien van organisasievaardighede om effektief te wees, die strategieë op 'n konsekwente basis oor 'n periode van tyd moet plaasvind en dat hul leerbehoefes met betrekking tot organisasievaardighede, as appélmatige kenmerke, inderdaad 'n durende uitdaging bied aan die leeromgewing en ander subsisteme waarin die leerders hulself bevind.

Die studie het getoon dat hierdie graad 8-leerders wat daaraan deelgeneem het 'n besondere leeromgewing nodig, waarin die onderwyser 'n bemiddelende rol moet vervul tussen leerder, leerkonteks en leerinhoud. Leerondersteuning aan hierdie leerders ten aansien van hul organisasie-vaardighede verg nie net strategie-intervensies nie, maar 'n voortdurende dinamiese assesseringsbenadering, om die aard van die leerbehoefes wat intrinsiek aan die leerders is, bloot te lê en te ondersteun.

6.4 SAMEVATTING EN AANBEVELINGS

6.4.1 Waarde van die studie

Die navorser het deur middel van 'n sistemiese (etnografiese) benadering tot vol en diep begryping gekom van die aard van die organisasievaardighede van leerders met leergestremdheid en die leerondersteuning wat hulle verg. Die bydrae wat die navorser dus gelewer het was op metodologiese- en kennis terrein.

'n Nuwe benadering tot die assessering van leergestremdheid is nodig. Dit bevestig die paradigma-skuif weg van "meting" na 'n dinamiese, kurrikulum- gebaseerde benadering ten aansien van die leerbehoefte van leerders met leergestremdheid om sodoende die manifestasie van die leerbehoefte kontekstueel en "hands on" te kan observeer, analiseer en toepaslike ondersteuning te kan bied. Die verantwoordelikheid gaan dus in 'n groot mate by die onderwysers in die skoolsisteem berus om hierdie dinamiese assesseringsvaardighede toe te pas, om sodoende die leerders se leerbehoefte ten aansien van organisasie-vaardighede bloot te lê.

Alhoewel hierdie studie kontekstueel uitgevoer was en 'n gemanipuleerde data-konteks gebruik is, kan dit wel in soortgelyke kontekste toepassingswaarde hê ten aansien van die assessering en leerondersteuning van leerders met leergestremdheid wat leerbehoefte ten aansien van kognitiewe organisasie openbaar.

Vir die privaatskool as onderrigpraktyk het dit toepassingswaarde in terme van 'n ander beskouing van die assesseringsdata, wat reeds met toelating insigte kan bied op die leerhandelinge en leerbehoefte van die leerders. Die aksie-navorsing wat reeds neerslag gevind het in die leerondersteuningsbeleid van die skool het 'n bydrae gemaak tot die professionele ontwikkeling van die onderwysers en die self-begryping van die leerders.

Vanuit die studie is bevestiging verkry dat leerondersteuning aan leerders met besondere leerbehoefte, soos deur die Onderwysdepartement

voorgestel, 'n radikale paradigmaskuif in die benadering en praktyk van leerondersteuning aan leerders met diverse leerbehoefte noodsaak. Die aanleer van splintervaardighede wat vanuit die onderskeie terapeutiesevelde aangebied word, is noodsaaklik, maar die intrinsieke aard van leergestremdheid vereis 'n holistiese ondersteuningsnetwerk van transdissiplinêre samewerking.

6.4.2 Beperkinge van die studie

Die volgende beperkinge moet met verwysing na die studie in berekening gehou word:

Die omvang van albei fases van die studie was baie klein in terme van die aantal leerders wat betrek is. Alhoewel die veralgemening van die bevindinge nie gemaak kan word nie, het die uitkomst egter wel toepassingswaarde in soortgelyke kontekste.

Die studie het plaasgevind binne 'n gemanipuleerde datakonteks, wat 'n omgewing geskep het waarin baie van die manifestasies van leergestremdheid reeds in leerondersteuning aangespreek is en die uitkoms van die leerders se problematiese organisasie-vaardighede reeds breë aandag geniet het. Die graad van erns van hierdie leerbehoefte sal dus heel moontlik in 'n nie-gemanipuleerde konteks van die graad van erns van die leerbehoefte van die leerders in die studie verskil.

Die fokus was sterk gerig om vrae ten aansien van die kognitiewe dimensie van organisasie-vaardighede. Die affektiewe dimensie van problematiese organisasie-vermoëns sal sekerlik 'n invloed hê op die ontwikkeling en benutting van organisasie as vaardigheid by leerders met leergestremdheid en mag daarom die bevindinge van die studie beduidend beïnvloed het. Die bevindinge moet daarom as eensydig en onvolledig erken word.

In die eerste fase van die studie is dokumente van die leerders in verband met hul terapeutiese intervensies asook skoolrapporte as data-bronne

benut. Die analise is dus gemaak op grond van gefragmenteerde inligting oor 'n tydperk van die leerders se ontwikkeling. Alhoewel kolaterale geskiedenis vanaf die verskillende terapeute sowel as onderwysers onmoontlik in die studie betrek kon word, as gevolg van die tydsraamwerk waarin daardie inligting saamgestel was deur die ouers, sou dit moontlik ander insigte aan die navorsing kon gebied het.

Die tweede fase van die studie is met 'n klein groep deelnemers uitgevoer. Die Graad 8-leerders was gemotiveerd geselekteer, maar slegs vyf graad 8-leerders was beskikbaar vir deelname. Verskeie aspekte is dus tydens seleksie nie in ag geneem nie, soos geslag, skoolgeskiedenis, terapeutiese intervensies reeds ontvang, asook die rol wat die ouers in hul ontwikkeling gespeel het.

Alhoewel die navorser met groot omsigtigheid gepoog het om die gevaar van anekdotisme tot die minimum te beperk, mag dit wees dat die navorser, soos Silverman (2005: 211) waarsku, wel tydens die tweede fase van die studie leerkontekste geselekteer het wat antwoorde kon bied op die navorsingsvrae. Die omvang van die data wat ingesamel was, was egter só dat daar nie meer seleksies kon plaasvind nie. Die data is só geselekteer dat dit verteenwoordigend van die deelnemers was en wel ooreenkomste en verskille tussen die leerders kon uitwys. Die uitkoms van die studie is dus in 'n groot mate aanduidend van sekere aspekte van die navorsingsprobleem. Die navorser het ook van observasies, sowel as analises van die leerders se klaswerk gebruik gemaak as data-insamelingsbronne om data te vergelyk en te verifieer.

6.4.3 Aanbevelings vir verdere navorsing

Verdere navorsing kan onderneem word ten aansien van:

‘n Groter groep leerders kan in ‘n studie betrek word. Vanuit ‘n ontwikkelingsperspektief kan die leerders vanuit verskillende grade en dus ouderdomsgroepe vergelykend bestudeer word.

Die ander hoër orde kognitiewe vaardighede waarvan organisasie as vaardigheid integraal deel is, kan bestudeer word om die aard en impak daarvan op die leerhandeling van leerders met leergestremdheid bloot te lê, om sodoende ‘n teoretiese bydrae te kan maak op die terrein van assessering en leerondersteuning. Dieselfde tipe studie kan binne ‘n hoofstroomklaskamer onderneem word wat reeds leerders met leergestremdheid “ge-inkluseer” het en ‘n longitudinale gevallestudie sou insigte kon bied ten aansien van die vraagstuk met betrekking tot die splinterbenadering met betrekking tot leerondersteuning wat oënskynlik nog praktyk is.

6.5 SLOTOPMERKING

Die navorser het gepoog om tot begrip te kom van die aard van die organisasie-vaardighede van leerders met leergestremdheid. Die uitkoms van die twee-fase studie het inderdaad vir die navorser daardie insigte verskaf. Daar is ook besef dat ontoereikende organisasie-vaardighede by hierdie leerders as leerbehoefte vanuit ‘n intrinsieke en ekstrinsieke perspektief sistemies vanuit ‘n bio-ekologiese perspektief beskou moet word.